

## HOOFSTUK 2

### DIE ONTWIKKELINGSMOONTLIKHEDE VAN DIE SEKONDÊRE SKOOL- LEERLING EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR PERSOONLIKHEIDS- VOORLIGTING

#### 2.1 INLEIDING

Aangesien die kind die grootste deel van die dag by die skool deurbring waar hy met 'n verskeidenheid aktiwiteite besig is en hy op die hulp en leiding van onderwysers aangewese is, kan hierdie betrokkenheid 'n belangrike bydrae tot sy gesonde fisiese, emosionele, kognitiewe en sosiale ontwikkeling lewer (Berzonski, 1981:11).

Elke onderwyser moet oor voldoende kennis van die leerling se fisiese, emosionele, kognitiewe en sosiale ontwikkeling beskik, asook van die probleme wat daarmee gepaard kan gaan en die invloed wat dit op sy geestesgesondheid kan hê. Met die nodige kennis behoort hy die leerling se gedrag en optrede beter te verstaan en kan sy optrede positief bydra tot die leerling se gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

Onderwysers ontmoet leerlinge daaglik in groepe. Elke leerling is in 'n mindere of meerdere mate van die klasonderwyser se hulp en steungewing afhanklik. Sodanige hulp kan slegs doeltreffend wees mits die onderwyser kennis dra van die kind se ontwikkelingsbehoefte en veral ook van die problematiek wat eie is aan die adolessent se ontwikkelingsgang.

In hierdie hoofstuk sal die fisiese, emosionele, kognitiewe en sosiale ontwikkeling van die adolessent en die probleme wat daarmee gepaard kan gaan asook die implikasies wat dit vir gesonde persoonlikheidsontwikkeling kan inhou, nagevors word.

#### 2.2 DIE FISIESE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESENT

##### 2.2.1 VERSNELDE GROEI EN ONTWIKKELING

Versnelde groei word gekenmerk deur die skielike toename in fisiese groei en ontwikkeling wat met adolessensie gepaard gaan. By seuns begin versnelde groei op ongeveer 13 jaar en op ongeveer 15½ jaar begin dit weer afneem. By dogters begin versnelde groei gemiddeld 2 jaar vroeër (Louw et al., 1985: 347; Jacobs et al., 1988:62).

Versnelde fisiese groei bring dikwels vir die jeugdige spanninge mee wat 'n negatiewe invloed op sy gedrag kan hê. Indien voldoende rus nie toegelaat word nie, kan hierdie versnelde groei tot rusteloosheid en vermoeidheid aanleiding gee (Siann & Ugwuegbu, 1984:130).

Een van die belangrikste ontwikkelingstake van die adolessent is die aanvaarding van sy veranderende liggaam. Hy moet by die normale fisiese veranderinge wat met adolessensie gepaard gaan, aanpas en hy moet sy liggaamsgestalte as die gestalte wat hy vir die res van sy lewe sal hê, aanvaar (Behr, 1982:18).

Navorsing toon dat baie adolessente nie gelukkig voel oor hulle liggaamlike eienskappe nie en dit graag sou wou verander het as hulle kon. Terwyl hulle fisies groei en ontwikkel, vergelyk hulle voortdurend hulself met 'n denkbeeldige of 'n sosiaal-bepaalde "normale" standaard model (Thomas, 1980:54; McCandles & Coop, 1979:56).

Die psigologiese effek van fisiese veranderinge word dikwels in twee kategorieë verdeel. Daar is veranderinge wat slegs besorgdheid by die adolessent veroorsaak, terwyl daar veranderinge is wat selfs sy gedrag beïnvloed. Seuns se stemme wat breek is dikwels vir hulle 'n verleentheid, veral die feit dat hulle nie beheer daaroor het nie. Dit maak hulle teësinnig om aan klasbesprekings deel te neem (Boxer, 1983:87).

Navorsing dui daarop dat fisiese ontwikkeling normaalweg 'n algemene patroon volg. Tydperke van stadige, versnelde en bestendige fisiese groei kom in hierdie bepaalde volgorde voor. Aangesien die aanvang en duur van die groeitydperke verskil, het elke individu 'n unieke siklus van groei en ontwikkeling wat slegs naastenby ooreenkom met dié van die algemene patroon. Dit wissel van vroeë ontwikkeling aan die een kant tot laat ontwikkeling aan die ander kant (Berzonski, 1981:6).

As gevolg van die adolessent se afhanklikheid van die portuurgroep en ook sy vrees om anders as die groep te wees vind hy dit moeilik om te begryp dat variasies in fisiese groei en ontwikkeling eerder die norm as die uitsondering is. Baie van die gepaste byname wat adolessente aan mekaar gee is 'n weerspieëling van hulle besorgdheid oor hulle fisiese self (McCandles & Coop: 1979:56).

## 2.2.2 VROË EN LAAT ONTWIKKELING BY ADOLESSENTE

Versnelde fisiese groei en ontwikkeling by adolessente neem op verskillende ouderdomme 'n aanvang. Groot verskille in fisiese groeipatrone kom veral gedurende vroeë adolessensie voor. Op hierdie stadium word die verskille ook erg aanvoel deur diegene wat beduidend afwyk van die groeipnorm. Adolessente wat vroeg ontwikkel voel dikwels selfbewus tussen hulle klasmaats wat nog minder ontwikkel is terwyl die wat laat ontwikkel bekommerd is of hulle normaal is en of hulle ooit sal opgroei (Louw et al., 1985:349; Sarafino, 1980:494).

Adolessente wat vroeg ontwikkel word deur die portuurgroep en volwassenes as meer volwasse aanvaar en behandel. Hulle het minder behoefte om na status of erkenning te strewe as adolessente wat laat ontwikkel. Uitstaande leiers van leerling- en studenteligggame op hoërskool en daarna kom dikwels uit die geledere van diegene wat vroeg ontwikkel het (Grinder, 1978: 81-82; Thomas, 1980:42).

Vroeë ontwikkeling is egter vir die adolessent soos die twee kante van 'n muntstuk. Terwyl dit aan die positiewe kant sekere voordele mag inhou beteken dit aan die negatiewe kant dat die adolessent dikwels aan verwagtinge moet voldoen wat eerder deur fisiese grootte en voorkoms bepaal word as deur ander aspekte van volwassenheid (Thornburg, 1981:136; Berzonski, 1981:151).

Adolessente wat laat ontwikkel ervaar groter onveiligheid as diegene wat vroeg ontwikkel. Hulle is meer afhanklik van ander en hulle gedrag is dikwels van 'n aandagsoekende en kinderagtige aard. Oor die algemeen is vroeë ontwikkeling minder skadelik vir dogters. Dit hoef egter nie noodwendig so te wees nie (Hurlock, 1967:56; Berzonski, 1981:174).

Beide vroeë en laat ontwikkeling kan egter vir die adolessent probleme skep wat 'n indirekte invloed op sy persoonlikheidsontwikkeling kan hê. Die fisiese veranderinge beïnvloed sy psigologiese en emosionele samestelling. Die soms teenstrydige en onseker gedrag van die adolessent is dikwels die direkte gevolg van konstante fluktuasies in sy fisiese ontwikkeling. Sy vermoë om hierdie fisiese en emosionele veranderinge te hanteer word deur die mate van ontwikkeling van sy selfagting bepaal. Belangriker egter, is die ondersteuning wat hy van sy ouers, onderwysers en portuurgroep kry (Wattenberg, 1973:93; Thomas, 1980:57).

### 2.2.3 SEUNS WAT FISIES VROEG ONTWIKKEL

Seuns wat fisies vroeg ontwikkel is, wat hulle sosiale en emosionele ontwikkeling betref, ook meer gevorderd. Hulle persoonlike aanpassing is beter as die van seuns wat laat ontwikkel en daarby beskik hulle ook oor 'n meer positiewe selfkonsep (Duncan, 1985:227).

Grinder (1978:92) en McCandles & Coop (1979:69) meen ook dat die vroeg ontwikkelde seun 'n relatiewe sosiale voordeel gedurende adolessensie geniet aangesien sy portuurgroep groter erkenning aan hom verleen.

Hy is onafhankliker, het meer selfvertroue en is beter daartoe in staat om aan volwassenes se verwagtinge wat sosiale aangeleenthede betref, te voldoen. Hy word deurgaans as fisies aantrekliker en lewenslustiger as sy maats gesien wat eers veel later ontwikkel. Hy pas ook met veel groter gemak en sukses by verskillende lewensituasies aan.

As gevolg van die adolessent wat vroeg ontwikkel se groter en beter ontwikkelde liggaam is hy tot groter sukses in sport in staat. Die sosiale prestigewaarde wat aan sukses op sportgebied gekoppel word verleen aan hom 'n gunstige reputasie wat tot gevolg het dat hy maklik deur persone van beide geslagte aanvaar word. As gevolg van sy wyer aanvaarding word hy makliker in leierskaprolle verkies; selfs ook in ander aktiwiteite wat niks met sport te make het nie. Hy ontwikkel dus 'n gunstiger houding ten opsigte van homself en dit lei weer tot nog beter persoonlike en sosiale aanpassing. Laasgenoemde kan weer aanleiding gee tot beter skolastiese prestasie (Hurlock, 1967:63-64; Duncan, 1985:229-231).

As gevolg van sy liggaamsbou mag dit gebeur dat sy portuurgroep en volwassenes aan hom take opdra en aan hom voorregte bied wat normaalweg vir ouer seuns bedoel is. Indien hy die uitdagings die hoof kan bied en die indrukke wat hulle van hom het kan bevestig, ontvang hy nog meer goedkeuring en bewondering. Dit dra baie by tot sy persoonlikheidsontwikkeling. Dit skep vir hom selfs nog meer volwasse-georiënteerde geleenthede waar hy vaardighede kan ontwikkel lank voor sy maats wat fisies eers veel later as hy ontwikkel (Grinder, 1978:92; Ogundari, 1985:182-183).

## 2.2.4 SEUNS WAT FISIES LAAT ONTWIKKEL

Gedurende adolessensie is laat ontwikkeling vir baie seuns 'n belemmering wat selde enige voordele vir hulle inhou. Hulle sien hulself as fisies afwykend van hulle vriende en voel ontoereikend ten opsigte van sport en ander sosiale aktiwiteite. Sowel volwassenes as die portuurgroep sien hierdie seun as fisies minder aantreklik en minder manlik as die vroeg ontwikkelde seun (Siann & Ugwuegbu, 1984:129; Perkins, 1974:143).

Die seun wat laat ontwikkel is dikwels skaam en sal nie voor sy maats ontklee nie uit vrees dat hulle hom bespotlik sal maak. Daarom is hy ook minder geneig om aan sport deel te neem. Hy voel selfbewus en minderwaardig omtrent sy ontoereikende fisiese ontwikkeling en sal nie met sy meer ontwikkelde maats in sport meeding nie. Die gevolg is dat hy hom aan alle aktiwiteite waar goeie fisiese ontwikkeling ter sprake is onttrek. Somtyds sal hy kompenseer deur in skolastiese werk uit te styg. Sy gedrag is relatief onvolwasse omdat ander geneig is om hom soos 'n kind te behandel. Hy het gewoonlik 'n negatiewe selfkonsep en ervaar gevoelens van verwerping deur ander. Hy het sterk heteroseksuele behoeftes aan erkenning en het dikwels 'n opstandige houding teenoor sy ouers en ander gesagsfigure (Grinder, 1978:92; Apter: 1981: 503).

Omdat hulle van hulle fisiese agterstand bewus is, voel seuns wat laat ontwikkel angstig en onveilig. Dit word dan weerspieël in negatiewe gedragspatrone. Hulle is gedurende adolessensie meer as hulle maats tot persoonlike en sosiale wanaanpassing geneig. Die feit dat gesinslede en vriende hom nog steeds as 'n kind beskou, en gevolglik sy geleenthede beperk om volwasse gedrag te ontwikkel maak dit vir hom net moeiliker.

Meisies ag hierdie seun dikwels nie geskik vir afspraak nie. Diegene wat hy voorheen oortref het in mededingende sport kan hom nou verbystee en selfs jonger seuns kan 'n bedreiging wees. Hy moet letterlik opkyk na maats wat hy as sy gelyke, of selfs nie as sy gelyke beskou nie (Grinder, 1978:90; Hurlock, 1967:64; Seifert, 1983:317).

Baie adolessente wat laat ontwikkel haal egter weer hulle maats in maar sommige seuns sal kort volwassenes wees. Daarom moet ouers en onderwysers nie te veel klem plaas op fisiese voorkoms nie, maar hulle moet eerder 'n gesonde belangstelling aanmoedig in wat mense is eerder as hoe hulle lyk. Baie adolessente wat opvallend in hulle voorkoms verskil sal egter ook aan

'n lae selfagting ly, wat nadelig is vir hulle gesonde persoonlikheidsontwikkeling (Siann & Ugwuegbu, 1984:129).

## 2.2.5 DOGTERS WAT FISIES VROEG ONTWIKKEL

Vroeë fisiese ontwikkeling en geslagsrypning gaan gewoonlik gepaard met belangstelling in die teenoorgestelde geslag. Omdat dogters in die algemeen vroeër as seuns ontwikkel, toon hulle op 'n vroeër stadium as seuns belangstelling in die teenoorgestelde geslag. Die vroeg ontwikkelde dogter wat voor haar portuurgroep in seuns belangstelling toon kan dus 'n reputasie verwerf. Haar gebrek aan emosionele volwassenheid en sosiale ervaring kan selfs seksuele afwykings tot gevolg hê (Wattenberg, 1973:93; Duncan, 1985:234-235).

McCandles & Coop (1979:71) meen ook dat vroeë fisiese ontwikkeling psigologiese en sosiale probleme vir die dogter kan meebring. Sy mag vind dat sy afsprake maak met seuns wat veel ouer is as sy self en dat sy as gevolg daarvan in sosiale situasies kan beland waarvoor sy psigologies en emosioneel nie volwasse genoeg is nie en wat sy dus nie kan hanteer nie. Dit kan 'n nadelige effek hê op haar gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

Hierdie dogter toon egter meer gunstige persoonlikheidseienskappe as haar vriendinne wat later ontwikkel. Sy het meer dikwels 'n positiewe selfbeeld en handhaaf ook beter persoonlike verhoudinge. Sy mag 'n taamlike spanningsvolle verhouding met haar ouers en portuurgroep hê maar sy is aan meer sosiale situasies blootgestel waar sy die geleentheid kry om volwasse tipe gedrag te ontwikkel (McCandles & Coop, 1979:93; Duncan, 1985: 236).

## 2.2.6 DOGTERS WAT FISIES LAAT ONTWIKKEL

Die dogter wat laat ontwikkel is geneig tot 'n meer slanke en vroulike figuur. Haar fisiese groei vind op omtrent dieselfde stadium as seuns van haar ouderdom plaas. Omdat haar figuur eers heelwat later relatief opvallend word, trek sy minder aandag. Sy het 'n baie meer ontspanne verhouding met haar ouers en portuurgroep. Dit dra baie tot haar gesonde persoonlikheidsontwikkeling by (Thomas, 1980:58).

### 2.2.7 FISIESE AANTREKLIKHEID

Navorsing dui daarop dat die fisies aantreklike adolessent meer populêr is by sy portuurgroep as die minder aantreklike adolessent. Fisiese aantreklikheid dra meer by tot populariteit as skoolprestasie. Omdat persoonlike voorkoms dikwels lidmaatskap van sekere groepe bepaal is dit vir die adolessent belangrik (De Wit & Van der Veer, 1979:52; Thornburg, 1975:153; Thomas, 1980:58).

McCandles en Coop (1979:61-62) haal navorsing aan wat daarop dui dat fisies aantreklike individue oor meer gunstige persoonlikheidseienskappe en sosiale vaardighede beskik as die fisies minder aantreklikes. Hulle word ook meer positief deur ander mense behandel. Adolessente wat hulle liggame as aantreklik ervaar het nie net 'n hoë selfagting nie maar ook meer bevredigende werkgewoontes en interaksie met ander. Die mooi geboude adolessent geniet sekere voordele en geleenthede as gevolg van die liggaamsbeeld wat hy projekteer (Grinder, 1978:87; Ogundari, 1985:180-181).

Die adolessent is dikwels behep met sy fisiese voorkoms want dit is 'n belangrike aspek van sy selfkonsep. Wanneer die fisiese ontwikkeling egter van die algemene norm afwyk kan dit tot emosionele probleme aanleiding gee. Gedurende adolessensie is die jeugdige veral gevoelig ten opsigte van opvallende afwykings van die groep (Sarafino, 1980:537; De Wit & Van der Veer, 1979:52).

Baie adolessente het 'n negatiewe liggaamsbeeld en is nie tevrede met hulle persoonlike voorkoms nie. 'n Seun kan so uitermate selfbewus wees omtrent sy lompeheid en swak koördinasie dat hy mag weier om sosiale geleenthede soos 'n sokkiejol by die skool by te woon of om aan sport deel te neem. Wanneer hy fisies minderwaardig voel kan dit gebeur dat hy soveel tyd aan oefening bestee om sy spiere te ontwikkel dat hy die ontwikkeling van sy intellektuele en sosiale vaardighede verwaarloos (Hamacheck, 1979:142).

Oor die algemeen is liggaamsbeeld vir die adolessente dogter van meer kritiese belang as vir die seun omdat die westerse kultuur meer klem op die vroulike figuur plaas. Indien 'n dogter nie 'n mooi figuur het nie is dit waarskynlik dat sy deur seuns geïgnoreer sal word. So 'n sosiale verwerping het 'n nadelige invloed op die dogter se selfkonsep (Rice, 1978:123).

In die advertensie- en reklamebedryf word soveel klem op fisiese aantreklikheid gelê dat diegene wat daarvan afwyk soms selfbewus en geïsoleerd voel. Emosionele versteurings kom dikwels by adolessente met 'n negatiewe liggaamsbeeld voor. Adolessente vergelyk hulleself met kultureel-bepaalde standaarde van fisiese aanvaarbaarheid. Dit kan 'n groot bron van kommer wees indien hulle van hierdie norm afwyk. Oorgewig en ondergewig is veral 'n bron van besorgdheid. Ouers en onderwysers wat afbrekende aanmerkings maak kan angstoestande by die adolessent bevorder (Grinder, 1978:87; Seifert, 1983:398).

'n Mooi adolessente dogter weet dat sy vir die teenoorgestelde geslag aantreklik is, daarom het sy 'n positiewe selfbeeld en selfagting. Die lang en aantreklike seun word spoedig gekies vir wedstryde en aktiwiteite waar grootte en krag belangrik is. Prestasie en die aansien wat daarop volg lei tot versterking van die selfvertroue en die selfbeeld van die adolessent (Siann & Ugwuegbu, 1984:130).

Persoonlike voorkoms kan egter verbeter word met kleredrag, goeie persoonlike versorging en mooi maniere. Voorligting en inligting in hierdie verband is dus noodsaaklik. Albei geslagte het voorligting omtrent die versorging van die vel, hare, naels, gesonde eetgewoontes, keuse en versorging van klere asook persoonlike higiëne nodig. Leerlinge moet ook onder die indruk gebring word van die belangrikheid van deelname aan fisiese aktiwiteite en dat dit in die eerste plek gaan om die bevrediging van bepaalde liggaamlike ontwikkelingsbehoeftes (Norris, 1979:267).

Hulle moet voorgelig word ten opsigte van die negatiewe invloed wat alkoholiese drank, verdowingsmiddels en die rookgewoonte op gesonde fisiese groei en ontwikkeling het.

## 2.2.8 ONGELYKMATIGHEID TEN OPSIGTE VAN FISIESE ONTWIKKELING

Omtrent alle dele van die been- en spierstelsel is betrokke by versnelde groei, maar op verskillende tye en in verskillende mate. Die dele van die liggaam wat eerste volwassenheid bereik is die hande, kop en voete terwyl die romp laaste ontwikkel. Hierdie wisselende tempo van fisiese ontwikkeling laat sommige adolessente onhandig, lomp en anders lyk en voel. Hulle is dikwels bekommerd oor hierdie oneweredigheid (Siann & Ugwuegbu, 1984:130).

Besorgdheid oor voorkoms en pynlike sensiwiteit ten opsigte van enige afwyking van die portuurgroep veroorsaak dat die adolessent dit moeilik vind om die skielike en drastiese afwykings gedurende adolessensie te verwerk. Die feit dat hy juis op hierdie stadium ook nuwe uitdagings ten opsigte van die intellektuele, sosiale en emosionele die hoof moet bied, veroorsaak vir hom verdere spanning. Op 'n kritieke stadium wanneer hy juis iets nodig het om op te steun laat sy liggaam hom in die steek by wyse van skielike en soms drastiese veranderinge. Op 'n tydstip wanneer hy sowel 'n eie identiteit as 'n aanvaarbare en realistiese selfkonsep moet ontwikkel, ondergaan sy fisiese basis vir daardie konsep opmerklike en snelle veranderinge (McCandles & Coop, 1979:57; Berzonski, 1981:6-7).

#### 2.2.9 DIE IMPLIKASIES VAN DIE FISIESE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESCENT VIR PERSOONLIKHEIDSVORLIGTING

Die adolessente tydperk gaan gepaard met dramatiese fisiese en psigiese veranderinge. Hierdie veranderinge skep vir sommige adolessente probleme. Sy fisiese voorkoms sowel as sy gevoel en belangstelling het verander en hy raak bewus daarvan dat ander se verwagtinge van hom nie meer dieselfde is nie.

Die voorligteronderwyser asook die vakonderwyser wat met die adolessent te make het moet in die eerste plek bewus wees van die invloed wat fisiese veranderinge op sy gedrag het. Hulle moet bewus wees van die gevoel waarmee die adolessent enige fisiese afwyking bejeën want slegs dan sal hulle begrip kan hê en die nodige ondersteuning kan verleen. Die feit dat sommige fisiese afwykings van verbygaande aard is verminder geensins die psigologiese uitwerking daarvan nie. Volwassenes moet ook besef dat sommige fisiese toestande 'n psigologiese basis het. Empatiese begrip is belangrik omdat dit sal verhoed dat op- of aanmerkings teenoor die adolessent gemaak word wat sy gemoedstoestand verder kan benadeel (Wattenberg, 1973:107; Berzonski, 1981:6).

Terwyl die fisiese voorkoms 'n groot voordeel kan wees moet 'n adolessent deur middel van persoonlikheidsvoorligting daarop gewys word dat daar tog baie mense van albei geslagte is wat dinamies en populêr is ten spyte van die feit dat hulle nie toonbeelde van fisiese aantreklikheid is nie. Dit is die voorligteronderwyser se taak om adolessente te help om 'n stel sosiale waardes te ontwikkel waar fisiese aantreklikheid of voorkoms nie oorbeklemtoon word nie.

Gesonde en gebalanseerde mense bou hulle selfagting op 'n verskeidenheid gronde soos prestasie, kreatiwiteit, sosiale status, morele en etiese gedrag en goeie persoonlike verhoudinge.

Adolessente moet daarop attent gemaak word dat fisiese voorkoms maar een aspek van 'n persoon se identiteit is. Hulle moet sodanig behandel word dat hulle selfkonsep bevorder sal word deur in hulle emosionele behoeftes te voorsien. Dan sal die relatiewe belangrikheid van die fisiese aspek verminder (Siann & Ugwuegbu, 1984:131).

Onderwysers is dikwels geneig om adolessente met 'n meer volwasse voorkoms te kies vir take waar verantwoordelike gedrag vereis word terwyl leerlinge met 'n minder volwasse voorkoms oor die hoof gesien word ten opsigte van soortgelyke opdragte. Geen onderskeid behoort gemaak te word nie. Verantwoordelike take en opdragte behoort ook aan laasgenoemde leerlinge opgedra te word met die besef dat besondere geduld en ondersteuning dalk van die onderwyser vereis sal word. Op die lang duur sal hierdie adolessent dan ook die vaardighede en selfvertroue ontwikkel wat nodig is vir sy gesonde persoonlikheidsontwikkeling. Hy kom gewoonlik baie gou agter dat hy op grond van sy fisiese ontwikkeling nie gekies word vir 'n sekere taak nie. Alle adolessente het ervaring en oefening nodig om die soort dinge te doen wat dikwels slegs vir fisies groteres gereserveer word (Berzonski, 1981:51).

Die adolessente wat fisies vroeg ontwikkel het egter aan die ander kant die probleem dat volwassenes dikwels aan hulle else stel en verwagtinge koester op grond van hulle fisiese voorkoms. Psigies en emosioneel is hulle egter glad nie opgewasse daarvoor nie en dit het baie spanning tot gevolg. Die subtiele impak wat die effek van verwagtinge op die adolessent het moet altyd deur die volwassene in gedagte gehou word. Daardeur word al klaar 'n groot bydrae gemaak tot die adolessent se gesonde ontwikkeling (Siann & Ugwuegbu, 1984:132; Pelser, 1983:49).

Die adolessent se selfagting en selfkonsep word positief of negatief beïnvloed deur sy eie siening van die mate waarin hy in of uit pas is met sy portuurgroep wat fisiese ontwikkeling betref. As hy ervaar dat sy liggaam normaal en teen 'n normale tempo ontwikkel gee dit aan hom 'n mate van selfvertroue en selfversekerdheid. Indien sy groei en ontwikkeling egter stadig is of opvallend van ander verskil kan dit gebeur dat hy belaglik gemaak word en kan hy selfbewus voel omdat sy liggaam nie aan die verwagtinge voldoen nie.

Deur middel van 'n groepbespreking gedurende die voorligtingsperiode kan baie gedoen word om hierdie toedrag van sake teen te werk (Dusek, 1977:70).

Die onegalige groei en ontwikkeling van verskillende liggaamsdele het dikwels swak koördinasie, lompheid en onhandigheid tot gevolg. Dit kan soms lei tot ernstige wanaanpassings. Ondeurdagte opmerkings deur onderwysers kan hierdie toestand verder vererger. Die adolessent hou nie daarvan om anders te wees as sy maats nie aangesien dit hom selfbewus laat voel en gevolglik 'n invloed op sy gedrag het. Hy het dus nou intense behoefte aan die volwassene se begrip asook inligting en voorligting om hom te help om by sy veranderende liggaam aan te pas (Boxer, 1983:85-86; Thornburg, 1981:134).

Die vinnige fisiese groei gedurende adolessensie gaan dikwels gepaard met verlaagde vitaliteit, vermoeidheid en lomerigheid. Hierdie toestand word dikwels deur volwassenes beskou as luiheid. Vyandige reaksies wat hierop volg van die kant van die volwassene kan spanning en ongelukkigheid by die adolessent veroorsaak. Volwassenes moet beseft dat baie fisiese energie verbruik word tydens die skielike fisiese groei gedurende adolessensie. Dit laat die adolessent uitgeput voel en volwassenes moet begrip daarvoor hê (Jones & Steffire, 1970:129).

Adolessente wat oorgewig is word gewoonlik in 'n negatiewe lig deur ander gesien en hulle is self ook geneig om hulself te sien as minderwaardig en onwelkom. Voorligting en leiding kan gegee word ten opsigte van 'n toepaslike dieet, oefeninge en kleredrag (Berzonski, 1981:152).

Volwassenes wat die feit erken en aanvaar dat die meeste afwykings in fisiese groei en ontwikkeling heel normaal is kan aan die adolessent se intense behoefte aan begrip en ondersteuning voldoen. Dit kan baie daartoe bydra dat die adolessent sy fisiese self aanvaar. Volwassenes moet ten opsigte van hulle gedrag en optrede teenoor leerlinge doelbewus poog om eienskappe te versterk wat nodig is vir die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld. Die adolessent is gewoonlik baie sensitief vir die reaksies van ander en dit het 'n geweldige invloed op sy selfkonsep (Berzonski, 1981:152; Perkins, 1974:107).

Die skool moet voorsiening maak vir die fisiese veranderinge wat gedurende adolessensie by seuns en dogters plaasvind deur vir hulle die geleentheid te skep om begrip te verkry oor wat besig is om met hulle liggame te gebeur (Behr, 1983:19).

Vervolgens word die sosiale ontwikkeling van die adolessent en die implikasies daarvan vir sy persoonlikheidsontwikkeling nagegaan.

## 2.3 DIE SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

### 2.3.1 DIE PROSES VAN SOSIALISERING

Sosialisering is die proses waardeur die adolessent vir sinvolle en verantwoordelike lidmaatskap van die gemeenskap voorberei word. Hy moet leer om aan die morele standaarde, rolverwagtings en eise vir aanvaarbare gedrag van die betrokke gemeenskap te voldoen. Menslike roumateriaal moet verander word om effektief by die gemeenskap in te skakel. Die huis, kerk, portuurgroep en veral die skool speel 'n belangrike rol in die sosialiseringproses. Al hierdie instansies bevorder idees, vaardighede en houdings wat die adolessent help om effektief binne sy kultuur en gemeenskap te funksioneer (Gouws et al., 1979:286; Cronbach, 1977:41-42).

Deur die proses van sosialisering word sekere waardes, houdings, rolle, vaardighede en bevoegdhede wat deur die verskillende lewensverbande soos die gesin, skool en gemeenskap gedeel word, aangeleer en geïnternaliseer (Johnson, 1979:126).

Adolessente is dikwels baie begaan oor hulleself. Meeste van hulle bekommernisse handel oor probleme rakende verhoudinge met mense wat vir hulle belangrik is, naamlik ouers, onderwysers en die portuurgroep. Dit beklemtoon ook die belangrikheid van interpersoonlike verhoudinge in sosiale ontwikkeling. Van die adolessent word verwag om te voldoen aan sosiale verwagtinge, om sosiale vaardighede te ontwikkel en sosiale gedragsrolle aan te leer. Hy moet die vaardigheid aanleer om effektief in te skakel en betrokke te wees in die gemeenskap. Hy moet die nodige bevoegdheid verwerf om dit hoofsaaklik deur interpersoonlike verhoudinge te doen. Hy voel homself egter nie altyd bevoeg om aan al die eise te voldoen nie (Wattenberg, 1973:416; Newman, 1985:637).

### 2.3.2 GESONDE VERHOUDINGE MET ANDER

Sosiale interaksie is volgens Cronbach (1977:48) en Lindgren & Lindgren (1971:102), 'n vaardigheid wat deur die adolessent aangeleer moet word. Hy moet leer om te kommunikeer asook om ander se gevoelens in aanmerking te neem en te respekteer. Die vaardigheid om op 'n effektiewe wyse met ander te kommunikeer berus op die basis van emosionele sekuriteit, die vermoë om ander se gedrag en optrede korrek te interpreteer en om besorg te wees oor die welsyn van ander. Gesonde verhoudinge met ander dra by tot die eie gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

Gedurende adolessensie is die behoefte aan 'n hegte vriendskap krities. Vriendskapsverhoudinge is nou ook meer emosioneel van aard as gedurende die kinderjare. Die adolessent wend hom nou tot die portuurgroep vir emosionele en ander ondersteuning wat voorheen deur die ouers voorsien is. Sy belangrikste behoefte gedurende adolessensie is verhoudings met andere met wie hy gemeenskaplike belangstellings kan deel. Namate hulle ouer word, word die behoefte aan 'n hegte vriendskap met iemand wat werklik omgee al groter. Daar is 'n behoefte aan 'n intieme vriend wat lojaal en betroubaar is met wie persoonlike idees en gedagtes gedeel kan word, en wie onder alle omstandighede by hulle sal staan (Louw et al., 1985:376; Travers, 1979:370; Rice, 1978:314).

Rice (1978:314-315) wys daarop dat adolessente lang ure in mekaar se geselskap bestee, byeenkomste saam bywoon en lief is om oor die telefoon met mekaar te gesels. Hulle strewe daarna om eners aan te trek, eners te reageer en eners te lyk. Beste vriende kom gewoonlik goed met mekaar oor die weg omdat hulle so eenders is. 'n Suksesvolle vriendskap wat gebaseer is op die voorsiening in mekaar se wedsydse behoeftes, dra baie by tot gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

### 2.3.3 KONFORMITEIT EN AANVAARDING DEUR DIE PORTUURGROEP

Beste vriende word gewoonlik gekies op die grondslag van homogamie; dit wil sê die keuse van iemand wat baie ooreenkom met die self. Groepe funksioneer op dieselfde manier. Die groep reflekteer sy eie besondere kenmerke. Die lede word gekenmerk deur hulle kleredrag en voorkoms, skoolastiese stand, buitemuurse deelname, sosiale vaardighede en sosio-ekonomiese status. Die beste manier om lid te word van die groep is om soos ander groeplede te wees. Dit sluit ook bepaalde taalgebruik in (Louw et al., 1985:378; Coleman, 1979:179).

Die adolessent is baie sensitief vir ander se kritiek of ander se negatiewe reaksies teenoor hom en oor wat ander van hom dink. Omdat sy siening van homself asook sy gevoel van eiewaarde sterk beïnvloed word deur wat ander van hom dink en sê is aanvaarding deur die groep vir hom so belangrik (Rice, 1978:316).

'n Ander manier om die aanvaarding en goedkeuring van die groep te verwerf is deur middel van prestasie, veral op sportgebied maar ook op akademiese gebied. Die erkenning en aanvaarding wat die adolessent verkry hang af van die status wat die portuurgroep aan die aktiwiteit toeken. Dit blyk op hoërskool dat uitstaande sportprestasies meer sosiale status geniet as skolasiese prestasie. Die leerling se deelname aan aktiwiteite bepaal sy populariteit. Veelsydige leerlinge is egter die populêrste leerlinge in die skool (Rice, 1978:320).

Grinder (1978:94) meen ook dat sportdeelname bevorderlik is vir sosialisering. Diegene wat oor sportvaardighede beskik geniet meer status by die portuurgroep terwyl afrigters en onderwysers ook dink dat hulle oor meer aanvaarbare en positiewe persoonlikheidseienskappe beskik. Deelname aan sport maak voorsiening vir 'n wye spektrum van sosiale verhoudinge. Die jong sportman behoort aan 'n span, hy word raakgesien en daar word 'n ophef van hom gemaak. Die gevolg is dat hy gedragsrolle aanvaar wat in ooreenstemming is met ouers, onderwysers en die portuurgroep se verwagtinge van hom.

#### 2.3.4 IDENTIFIKASIE

Deur identifikasie probeer die adolessent om soos iemand te wees van wie hy besonder baie hou of wat hy bewonder. Identifikasie is een van die effektiefste maniere om gedrag aan te leer. Hoewel die individu die gedrag, houding, eienskappe en manier van dinge doen van die persoon wat hy idealiseer internaliseer is dit hoofsaaklik 'n onbewuste proses. Hy identifiseer nie slegs met die model se gedrag nie, maar aanvaar ook die model se siening van wat hy, die leerling, moet wees. Gedurende vroeë adolessensie identifiseer hy onder andere ook met onderwysers en afrigters. Onderwysers wat hierdie feit in gedagte hou kan op 'n subtiële wyse 'n groot bydrae lewer tot die leerling se persoonlikheidsontwikkeling (Johnson, 1979:127; Perkins, 1974:191; Monteith et al., 1988:174).

### 2.3.5 DIE TAAK VAN DIE SKOOL

Die skool kan beskou word as die belangrikste sosialiseringsinstansie vir die kind. Binne skoolverband vind sosiale ontwikkeling plaas deur middel van interaksie met onderwysers, klasmaats en ander leerlinge. As veral die instansie waar sosiale vaardighede aangeleer word, vervul die skool 'n belangrike aanvullende rol tot ander instansies. Negatiewe invloede van ander instansies word dikwels hier teengewerk. In die skool leer die adolessent nie net om effektief te wees ten opsigte van sy verhoudinge met ander nie maar ook om dit te geniet om effektief te wees. In skoolverband leer die adolessent om 'n beskaafde, ontwikkelde en gekultiveerde mens te wees (Cronbach, 1977:43 & 47; Johnson, 1979:126).

### 2.3.6 DIE IMPLIKASIE VAN DIE SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESENT VIR PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Goeie verhoudinge met ander is van die grootste belang vir die adolessent se gesonde persoonlikheidsontwikkeling. Hy het dus die ondersteuning van die voorligteronderwyser sowel as die vakonderwysers nodig ten opsigte van sy sosiale ontwikkeling en aanpassing. Almal het 'n bydrae te lewer. Elke leerling moet op skool ervaar dat hy aanvaar word deur elke onderwyser met wie hy kontak het. Die hele skool se atmosfeer moet deurweef wees met 'n gees van ondersteuning en hulpverlening selfs al is korreksies, beperkings en bestraffing soms nodig. Die ideaal is dat die leerling die nodige steun by die voorligteronderwyser sal kry maar hy moet egter ook vry voel om, indien nodig, na enige onderwyser van sy keuse te gaan vir hulp en raad.

Deur middel van voorligting kan gehelp word met die organisering van leerlingklubs in die hoërskool. Die organisasie van sulke klubs wat hulle besig hou met konstruktiewe aktiwiteite kan meehelp dat die vorming van geheime en verdagte groepe met onwenslike motiewe voorkom word. 'n Lid van so 'n klub moet dan nie gekies of weggelaat word om persoonlike redes nie of omdat hy aan die regte kant van die pad woon nie of weens die bydrae wat hy kan maak nie. Die hulp en ondersteuning wat hy kan kry as lid van die groep moet eerder die faktor wees wat aanleiding gee tot sy insluiting (Jones & Steffire, 1970:130-131).

Die spesiale sosiale behoeftes van die adolessent is gedeeltelik die gevolg van 'n breër visie as gevolg van sy meer uitgebreide ervarings, meer kontak met ander en sy fisiese ontwikkeling.

Aangesien skugterheid, selfbewustheid, uitermatige aggressie, afkeure, verliefdheid en weglopery alles probleme is wat dikwels by die adolessent voorkom het hy hulp nodig met die vestiging van gesonde verhoudinge met ander en veral ook met die teenoorgestelde geslag. Hy het behoefte om verstaan en aanvaar te word selfs al kan sy gedrag nie altyd goedgekeur word nie. Wat hy dink en doen moet gesien word in die lig van die fisiese en kognitiewe veranderinge wat nou plaasvind. Hy het behoefte om aan 'n groep te behoort; wil graag ervaar dat sy teenwoordigheid verlang word en dat hy opgesoek word deur sy vriende. Hy het hulp nodig om homself te bevry van sy vrese en skuldgevoelens wat hom soms beetpak. Die persoonlike loyaliteit wat hy voel teenoor sy groep moet gerespekteer word. Terselfdertyd moet hy egter ook gehelp word om sy loyaliteit teenoor groter groepe en instansies soos die skool en gemeenskap te verbreed tot 'n aanvaarbare ideaal. Hy het 'n behoefte om sy verantwoordelikheid teenoor ander, insluitende gesagsfigure, beter te verstaan (Jones & Stefflre, 1970:132; Kaczkowski & Patterson, 1975:209 & 213).

Onderwysers moet beseef dat die adolessent se interaksies met ander nie instinkmatig is nie maar dat dit aangeleer moet word. Deur interaksie met verskillende mense in verskillende omstandighede leer hy die omgekeerde vereistes van 'n situasie aan. Die onderwyser se begrip van die sosialiseringproses help hom om sy perspektiewe ten opsigte van die leerling te verbreed. Dit help hom om te beseef dat eksterne kragte die leerling se gedrag beïnvloed. Dit geld veral vir die invloed van ouerlike verwagtinge en groepnorme. Die skool is meer as maar net 'n plek waar leerlinge basiese vaardighede moet aanleer. Dit is veral die plek waar die sosialiseringproses voortgesit word (Kaczkowski & Patterson, 1975:214).

Adolessensie is 'n fase waartydens die jeugdige nuwe sosiale rolle beproef sonder dat hy die langtermyn gevolge van mislukking hoef te aanvaar. Gedurende hierdie tyd neem hy die eerste belangrike stap na onafhanklikheid, veral ten opsigte van sy ouers maar ook ten opsigte van volwassenes in die breër sin. Hy moet nou gedragspatrone aanleer wat hom in staat sal stel om effektief en suksesvol buite die gesinskring te funksioneer. Sy strewe na onafhanklikheid het dikwels konflik met ouers en onderwysers tot gevolg. Om hierdie konflik te verminder moet ouers en onderwysers verdraagsaam wees en eerder die groei na onafhanklikheid aanmoedig.

Indien die adolessent, sy ouers en onderwysers kan ooreenkom oor die mate van onafhanklikheid wat die adolessent verdien en begeer, behoort daar geen probleme te wees nie. Aan die ander kant is dit egter so dat die adolessent dikwels baie meer onafhanklikheid eis as wat ouers en onderwysers bereid is om te gee. Dit kan tot ernstige konflik lei. Een gevolg van hierdie konflik is die probleem van die generasiegaping tussen adolessente en volwassenes. Tydige voorligting ter voorkoming hiervan is dus noodsaaklik (Kaczkowski & Patterson, 1975:215; Dusek, 1977:139).

Namate die adolessent strewe na onafhanklikheid moet hy sekere sosiale aspekte van sy kindertyd afleer. Kinders word geleer om afhanklik te wees van volwassenes en op hulle te vertrou ten opsigte van voorligting en besluitneming. Van die adolessent word verwag dat hy sal begin om sy eie besluite te neem, sommige wat selfs langtermyn gevolge kan hê naamlik opvoedkundige en beroepskeuses. Indien die adolessent voorligting ontvang ten opsigte van nuwe gedragswyses in die plek van die wat hy moet afleer, sal die oorgang relatief pynloos wees. As daar slegs ander gedragswyses van hom verwag word sonder dat hy voorligting kry ten opsigte van nuwe gedragskodes, of sonder toepaslike modelle, sal die afleerproses waarskynlik probleme skep vir beide die adolessent en die volwassene. Afhanklikheid, ongemaklikheid in sosiale situasies, vrees vir die ontmoeting van vreemde mense, vertroue op ander vir alledaagse lewensbehoefte, finansiële vertroue op ouers en ander soortgelyke gedrag is nie kenmerkend van 'n goed aangepaste volwassene nie. Die adolessent moet dus ter wille van sy gesonde persoonlikheidsontwikkeling gepaste leiding en voorligting in hierdie verband van sy ouers en onderwysers ontvang (Dusek, 1977:139-140).

Die sosiale en fisiese ontwikkeling van die adolessent is verwant aan mekaar. Dit mag wees dat sy ouers en onderwysers nie dieselfde vlak van fisiese ontwikkeling teen dieselfde tempo bereik het nie. Die gevolg is dat diegene wat vandag die adolessent moet bystaan en ondersteun in sy sosiale ontwikkeling uit 'n geslag kom wat 'n ander groeitempo ervaar het. Daarom mag hulle uit pas wees met die mate waarin die adolessent van vandag in staat is om sekere sosiale verantwoordelikhede te aanvaar en mag hulle die adolessent behandel asof hy jonger is as wat hy werklik is. Dogters word veral gedurende vroeë adolessensie meer dikwels as seuns as volwassenes behandel. Sodanige optrede het bepaalde voor- en nadele omdat volwassenes dikwels meer van haar verwag as waartoe sy in staat is, veral ten opsigte van volwasse sosiale gedrag. Daar kan egter nie van 'n onervare adolessent wat nog nie 'n wye

verskeidenheid sosiale ervarings gehad het nie, verwag word om soos 'n volwassene op te tree nie. Alhoewel die adolessent fisies byna volwassene is, is die sosiale en kognitiewe ontwikkeling nie die van die volwassene nie en moet volwassene rolle en gedrag nie verwag word nie (Dusek, 1977:71; Gous & Jacobs, 1980:21).

Die biologiese veranderinge van die adolessent het ook belangrike sosiale implikasies vir heteroseksuele verhoudings. Dogters bereik puberteit gemiddeld ongeveer twee jaar vroeër as seuns. Dit het tot gevolg dat hulle met seuns veel ouer as hulself uitgaan en daarom leer hulle afspraakpatrone aan wat van seuns van hulle eie ouderdom verskil. Seuns gee aan dogters effens jonger of van dieselfde ouderdom as hulself voorkeur. Deur sy vriendskappe met die teenoorgestelde geslag kom die adolessent onder die indruk van die waarde van toegeneentheid en kameraadskap. Vriendskappe met die teenoorgestelde geslag gee ook aan die adolessent prestige, dit verryk en ontwikkel sy persoonlikheid, help hom in sy sosiale optrede, verminder sy emosionele spanning en gee aan hom groter selfversekerdheid en gebalanseerdheid. Toepaslike voorligting ten opsigte van heteroseksuele verhoudings kan vir die adolessent baie waardevol wees (Dusek, 1977:71-72; Gous & Jacobs, 1980:35).

## 2.4 DIE KOGNITIEWE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESENT

### 2.4.1 KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE ONTWIKKELING

Versnelde fisiese groei en veranderinge ten opsigte van verstandelike vermoëns vind gelyktydig plaas. Gedurende adolessensie bereik die kognitiewe ontwikkeling en die verwerwing van kennis 'n hoogtepunt. Die jeugdige is nou besonder ontvanklik vir leerinhoud van 'n intellektuele aard. Die volle benutting van die kreatiewe potensiaal van die adolessent mag dus nie nagelaat word nie. Hy moet bewus gemaak word van sy intellektuele moontlikhede sodat hy sal besef wat hy is, maar ook wat hy kan en behoort te wees (McCandles & Coop 1979:22; Coleman et al., 1982:194; Dacey, 1982:114).

Kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe ontwikkeling ten opsigte van die adolessent se kognitiewe vermoë vind plaas. Die ontwikkeling is kwantitatief omdat die adolessent intellektuele take met groter gemak asook vinniger en meer effektief as die pre-adolessent kan uitvoer. Die opmerklike veranderinge wat ten opsigte van sy denkprosesse voorkom dui weer op kwalitatiewe ontwikkeling. Probleme word nou anders geformuleer en daar word ook anders daar-

oor geredeneer. Die kwantitatiewe en kwalitatiewe komponente van die kognitiewe vermoë ontwikkel aanvullend en geïntegreerd met mekaar (Louw et al., 1984:360).

Was dit nie vir kwantitatiewe en kwalitatiewe aanwins in kognitiewe vermoëns nie sou die adolessent die talle eise wat aan hom gestel word met moeite hanteer het. Dit is nie slegs ten opsigte van eise rakende skoolastiese prestasie en die ontwikkeling van beroepsvaardighede nie maar dit geld ook vir nie-akademiese take soos die ontwikkeling van persoonlike, sosiale en politieke waardes, asook besluitneming (Hammes & Duryea, 1986:225).

#### 2.4.2 DIE FORMEEL OPERASIONELE STADIUM VAN KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Ofskoon daar verskeie teorieë oor intelligensie en kognitiewe ontwikkeling bestaan, gee kontemporêre opvoedkundiges voorkeur aan Piaget se teorie dat die kognitiewe ontwikkeling in vier stadia verdeel kan word; naamlik die sensories-motoriese, die pre-operasionele, konkreet operasionele en die formeel operasionele (Owen & Blount, 1978:71; Behr, 1983:107 & 116).

Volgens hierdie indeling bevind die adolessent hom in die formeel operasionele stadium. Gedurende hierdie stadium word die vermoë om logies en abstrak te dink en te redeneer ontwikkel. Die denke is nou minder gebonde aan konkrete konsepte en is nou meer gerig op stellings en bewerings en het betrekking op dinge en gebeurtenisse wat nie waarneembaar is nie en nie regstreeks ervaar kan word nie. Die vermoë om gekompliseerde probleme te hanteer is nou groter (Gage & Berliner, 1984:131-132).

Die adolessent raak geïnteresseerd in wêreldsake, oorloë en rassediskriminasie en is bereid om probleemoplossend daarby betrokke te raak. Daar hy in staat is tot selfondersoek en nadenke oor homself, kan hy oor sy eie denke en gedagtes redeneer en tussen waar en onwaar onderskei. Hy kan feite beoordeel en nadink oor begrippe soos vryheid, menslike waardigheid en liefde (Hopkins, 1983:141-142; Pelser, 1983:50).

Die adolessent se denkhandeling verloop hipoteties-deduktief. Dit wil sê hy kan 'n hipotese stel, afleidings maak, gegewens interpreteer en dan tot 'n gevolgtrekking kom. Die gevolgtrekking word getoets aan die konkrete werklikheid en volgens die resultaat van die toetsing word besluit of die hipotese behou of verwerp moet word. Hy beskou sy hipoteses as willekeu-

rige probeerslae wat met die feite gekonfronteer moet word (De Wit & Van der Veer, 1979:70; Dacey, 1982:119-120).

Die adolessent is in staat om meer elemente en moontlikhede gelyktydig te hanteer. Dit verskaf aan hom genot as hy 'n volwassene, veral die ouer of onderwyser, kan betrap dat hulle 'n denkfout begaan. Hy hou ook daarvan om 'n reël te manipuleer tot sy eie voordeel. Alhoewel dit soms vir ouers en onderwysers 'n ergernis kan veroorsaak dra dit baie by tot sy begrip ten opsigte van sekere leerinhoude (McCandles & Coop, 1979:128; Louw et al., 1984:361).

Die adolessent kan induktief en deduktief redeneer. Hierdie vermoë stel hom in staat tot probleemoplossing binne en buite skoolverband. Hy beskik oor die vermoë om nie slegs oor die feitlike verband tussen objekte te redeneer nie maar veral ook oor die logiese verband wat daar mag bestaan. Hy toon insig in 'n argument, kan verskillende hipoteses oorweeg en kan voorsien wat die gevolge sal wees indien 'n hipotese korrek is (Behr, 1983:131; Sarafino, 1980:481).

Volgens Pelser (1983:50) is adolessente op skool beter as jonger kinders in staat om abstrakte konsepte en komplekse reëls te hanteer. Hulle vermoë tot abstrakte denke en om wiskundige probleme op te los is ook beter. Dit is deels aan die rypingsproses en deels aan oefening en ervaring in hierdie areas te wyte. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat hulle aangemoedig word tot volgehoue inspanning ten opsigte van skoolastiese werk, ten einde te verseker dat hulle leervaardighede maksimaal ontwikkel.

Vakonderwysers behoort ingelig te word ten opsigte van leerlinge se moontlikhede sodat hulle voortdurend die leerlinge se prestasie daarteen kan meet en waar nodig, hulle kan aanspoor tot verhoogde prestasie. Realistiese eise en verwagtinge ten opsigte van skoolastiese prestasie moet egter aan leerlinge gestel word.

Die verdieping van die denkprosesse wat by die adolessent plaasvind kan volgens Siann & Ugwuegbu (1984:144-145) aan die volgende faktore toegeskryf word:

- i Die ryker woordeskat van abstrakte woorde.
- ii Meer uitgebreide konsepte.

- iii 'n Beter vermoë om in terme van simbole te dink sodat die denke nie meer so swaar op die konkrete leun nie.
- iv Meer gesofistikeerde tegnieke om leerinhoud in die geheue vas te lê en dit weer uit die geheue op te roep.
- v Meer ervaring en 'n groeiende stelsel van kognitiewe strukture sodat nuwe leerinhoud in verband gebring kan word met 'n groter verskeidenheid ervaringe van die verlede.

Hierdie faktore dra volgens hulle by tot die meer uitgebreide denkprosesse van die adolessent en bevorder die groeiende vermoë in redenering sodat die adolessent in staat is om komplekse wiskundige en wetenskaplike probleme op te los.

Kinders, oor die algemeen, lewe vir hier en nou. Aan die ander kant het adolessente wat oor die vermoë beskik om abstrak te dink, begrip vir 'n huidige situasie maar kan hulleself ook denkbeeldig in die toekoms verplaas (Hopkins, 1983:159).

Piaget is van mening dat alle adolessente tot formeel operasionele denke in staat is, maar slegs in hulle eie besondere area van aanleg. Hy staan skepties teenoor die moontlikheid dat inhoudelike onderrig en spesifieke onderwystegnieke kognitiewe ontwikkeling beïnvloed. Formeel operasionele denke kan nie deur onderrig en opleiding verhaas word nie. As die leerling nog nie daarvoor gereed is nie sal dit geen uitwerking op hom hê nie.

'n Leerling wat nog nie die formeel operasionele stadium bereik het nie sal 'n wiskundige probleem waar hierdie vlak van denke vereis word nie kan oplos nie. Hy sal selfs nie by die onderwyser se verduideliking en uitleg kan baat vind nie. Dit is nogtans noodsaaklik dat 'n verskeidenheid geleenthede deur die onderwys aan leerlinge gebied word om wye ervaring op te doen om sodoende deur middel van die proses van eksperimentering tot ontdekking te kom. Piaget ag dit ook belangrik dat daar in groepe saamgewerk moet word. Dit gee tot kreatiewe bespreking en gevolglik herformulering van probleme aanleiding. Sodoende kan adolessente oplossings vir hulle eie probleme vind en tot insig kom (De Wit & Van der Veer, 1979:73-74; Siann & Ugwuegbu, 1984:134).

Piaget se standpunt met betrekking tot spesifieke leerhandelinge word nie deur alle navorsers gedeel nie. Navorsers soos Van Parreren (1973); Hamel (1974); Muus (1975) en Nelmark (1975) het tot die gevolgtrekking gekom dat kognitiewe ontwikkeling wel deur onderrig en opleiding bevorder kan word. Dit moet geleidelik van die een abstraheringsvlak na die ander geskied (De Wit & Van der Veer, 1979:74; Siann & Ugwuegbu, 1984:134).

#### 2.4.3 DIE IMPLIKASIES VAN KOGNITIEWE ONTWIKKELING VIR PERSOONLIKHEIDSVOORLIGTING

Onderwysers moet besef dat adolessensie die tyd is wanneer die adolessent begin om volwasse rolle te aanvaar. Adolessente begin nou om hulle minderwaardigheid asook hulle onderdanigheid aan volwassenes van die kindertydperk af te skud. Adolessente begin hulself as volwassenes se gelykes beskou. Omdat hulle so graag volwasse wil wees en as volwassenes behandel wil word maak hulle ook die idees, ideale en ideologieë van die volwasse wêreld hul eie. Dit wat hulle geleer het, word nou krities geëvalueer (Rice, 1978:561; Berzonski, 1981:213-214).

Die adolessent raak bewus van die diskrepansie tussen die moontlike en die werklike. Die rebelse houding gedurende adolessensie is deels te wyte aan hierdie bewustheid. Hulle kan nou verder as hulleself kyk en hulle gemeenskap krities beskou. In baie gevalle voel hulle gefrustreerd oor wat hulle sien. Elkind (1981) meen dat die onbestendigheid van adolessente beter begryp kan word as dit in verband gebring word met die bereiking van formele denke (Siann & Ugwuegbu, 1984:134; Monteith et al., 1988:127).

Die adolessent se vermoë om tussen die moontlike en die werklike te onderskei stel hom in staat om nie net te onderskei hoe die volwasse wêreld is nie, maar ook hoe dit kan wees, veral onder die mees ideale omstandighede. Hierdie vermoë van die adolessent om te begryp wat kan of behoort te wees maak van hom 'n idealistiese rebel. Hy vergelyk die moontlike met die werklike, ontdek dat die werklike minder aanvaarbaar is en word dan 'n kritiese waarnemer van dinge soos dit is. Hy raak uiters krities teenoor volwassenes. Hy kom agter dat volwassenes dubbele standaarde toepas. Dit lei tot konflik met veral ouers en onderwysers. Onderwysers moet besef dat wat voorgesê word ook voorgeleef moet word (Dusek, 1977:101; Rice, 1978:561).

Adolesseente sien hulleself dikwels as hervormers van die gemeenskap; meeste van die tyd by wyse van verbale besprekings, maar soms ook deur middel van aktiewe bewegings. Saam met enersdenkende vriende word kritiek uitgespreek teen huidige instellings en strewe hulle na 'n meer regverdigde gemeenskap. Hulle eie innerlike onrus is blykbaar verantwoordelik vir hulle empatie ten opsigte van ander. As gevolg van hulle eie onveilige psigologiese posisie identifiseer hulle maklik met die minderbevoorregtes, die armes, die onderdruktes en die slagoffers van 'n selfsugtige samelewing. Die sosiale onreg wat hulle waarneem sien hulle as 'n weerspieëling van hulle eie innerlike worsteling. Hulle rebelleer egter meer op verbale vlak en gaan selde tot aktiewe optrede oor (Van der Walt, 1987:511; Elkind, 1981: 167).

Die adolescent maak van formele denke gebruik om denkbeeldig 'n beter wêreld voor te stel. Dikwels is dit 'n wêreld wat presies by sy eie individuele behoeftes inpas. Hierdie soort egosentrisme is eie aan adolessensie. Hy rig dikwels sy vermoë tot formele denke op homself en maak homself dan die onderwerp van sy denke. Hy raak baie selfbewus en introspektief in sy denke. Hy raak behep met homself, sy gedrag en voorkoms en verkeer onder die indruk dat hy die heeltyd dopgehou word. Hy is juis baie sensitief oor wat ander dalk van hom mag dink. Gepaste voorligting kan daartoe bydra dat hy meer op sy gemak voel en sy energie meer konstruktief kan aanwend (Siann & Ugwuegbu, 1984:134; Rice, 1978:562-563).

Die adolescent skep in sy denke 'n denkbeeldige gehoor. Dit het tot gevolg dat hy homself meeste van die tyd besig hou met toneelspel. Hy verbeel hom gedurig hy is op die verhoog en die reaksie van die denkbeeldige gehoor vereis vreeslik baie van sy energie. Die denkbeeldige gehoor gee aan hom die gevoel dat hy baie spesiaal is. Daar word na hierdie verskynsel verwys as die persoonlike fabel. In die werklike lewe is daar egter maar min mense wat werklik die aandag op hulle trek. Die denkbeeldige gehoor gee aan alle mense, maar veral die adolescent, 'n gevoel van belangrikheid (Stevens et al., 1983:138).

Die denkbeeldige gehoor verklaar die adolescent se behoefte aan privaatheid. Dit het ook tot gevolg dat baie adolessente hulleself oorgee aan verdowingsmiddels, alkohol en seksuele vergrype. Die persoonlike fabel begin egter afneem sodra intieme vriendskapsverhoudings ontwikkel. Mettertyd, met die toename in ouderdom, verdwyn die denkbeeldige gehoor (Hauck, et al., 1986: 531-532).

Egosentrisme en bewustheid van die self het ook ander manifestasies. Die adolessent raak baie krities en sarkasties wat sy verhouding met ander betref, enersyds as 'n verdedigingsmeganisme teen sy eie minderwaardigheidsgevoelens en andersyds as 'n manier om homself beter te laat vertoon. Hy maak van 'n verskeidenheid verdedigingsmeganismes gebruik om sy swak ego te beskerm. Hy is nie slegs selfgesentreerd nie maar dikwels ook selfbewonderend en hy dink dan ander het ook bewondering vir sy tipe gedrag, kleredrag, manier van praat en taalgebruik (Rice, 1978:563; Louw et al., 1984:364).

Adolessente net soos volwassenes, gebruik soms fantasie en dagdrome om te ontkom van die depressiewe werklikhede van die lewe. Anders as kinders is hulle egter van die verskil tussen wensdenkery en die objektiewe werklikheid bewus. Namate hulle ouer word raak hulle al meer daartoe in staat om objektief oor hulleself te dink. Die ouer adolessent begin om sy situasie op 'n analitiese en objektiewe wyse met ander te vergelyk. Abstrakte sosiale en politieke kwessies begin hom interesseer (Siann & Ugwuegbu, 1984:146).

Die adolessent begin nadink oor onderwerpe wat op die toekoms betrekking het soos beroepskeuse en die keuse van 'n lewensmaat. Hy kan hom voorstel dat die wêreld van die toekoms anders daar sal uitsien en dat hyself ook in die toekoms onder ander omstandighede sal verkeer as wat nou die geval is. Hierdie veranderde instelling het 'n invloed op sy persoonlikheidsontwikkeling. Hy vergelyk dit wat hy is met dit wat hy kan en behoort te wees. Hy dink veral oor homself in toekomstige situasies. Enige liggaamlike gebreke word nou intens ervaar en daar is 'n groter bewustheid daarvan. Dit kan tot tydperke van emosionele onrus lei (De Wit & Van der Veer, 1979:75-76; Stevens et al., 1983:139; Jacobs et al., 1988:62).

## 2.5 DIE EMOSIONELE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESENT

### 2.5.1 SELFKONSEP

Selfkonsep is die siening wat 'n persoon op enige gegewe tydstip van homself het. Dit sluit die opvatting wat hy van sy fisiese en psigologiese eienskappe asook sy sosiale aanpassing het, in. Die leerling se siening van homself ontstaan en ontwikkel as gevolg van sy sosiale interaksies en veral ander se reaksies teenoor hom. Selfkonsep is dus in 'n groot mate die produk van die omgewing waarin die leerling homself bevind. Ouers en onderwysers moet dus 'n omgewing skep waarbinne dit vir die leerling moontlik is om 'n positiewe

selfkonsep te ontwikkel (Bester, 1985:27; Thomas, 1980:24; Ackermann & Cilliers, 1987:278).

Die selfkonsep word deur ervarings van sukses en mislukking aangeleer. Dit is dus moontlik om 'n negatiewe selfbeeld na 'n positiewe een te laat verander. 'n Voorwaarde is onder andere 'n atmosfeer van aanvaarding tuis en by die skool. Interaksie met ouers en onderwysers is veral belangrik. Die stelsel van gedifferensieerde onderwys leen hom uitstekend daartoe dat leerlinge maksimum skoolastiese sukses kan ervaar en dat mislukkinge tot die minimum beperk word (Berman, 1984:101; Ackermann & Cilliers, 1987:278).

Burns (1985:152) meen dat onderwysers nie ware opvoeders is as hulle hul uitsluitlik met die intellektuele ontwikkeling van die leerling besig hou nie. Onderwysers moet nie slegs daarop ingestel wees om leerlinge vir die matriek-eksamen voor te berei nie maar hulle moet ook 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van 'n gebalanseerde volwassene.

Volgens Bester (1985:28-30) en Dusek (1977:318) het die verskillende maniere waarop 'n leerling hanteer word 'n invloed op sy selfkonsep. 'n Outoritêre houding het tot gevolg dat die leerling afhanklik, gespanne, rebels en minderwaardig is terwyl 'n permissiewe optrede teenoor die leerling tot gevolg het dat hy verwaarloos, onbeminde, onveilig en ongerespekteerd voel. Daarenteen het 'n demokratiese optrede 'n positiewe selfkonsep tot gevolg. So 'n leerling is ontspanne, sosiaal goed aangepas, spontaan en natuurlik.

Bester (1985:30-31) meen ook dat houdings wat teenoor die leerling ingeneem word, sy selfkonsep beïnvloed. Hy onderskei die volgende houdings: Die ondersoekende houding wat tot uiting kom deur vrae wat aan die leerling gestel word. Die doel is gewoonlik om in gesprek met die leerling te tree en belangstelling te toon. Die vraery moet egter nie in 'n kruisverhoor ontaard nie. Dit kan die leerling laat voel dat die gesagsdraer nie vertroue in hom het nie en voortdurend rekenskap van hom eis. Die ondersteunende houding moedig die leerling aan in dit wat hy doen, maar as dit te beskermend is kan die leerling die prooi word van manipulasie. Die beoordelende houding, waar die gesagsfiguur bepaal wat en hoe dinge gedoen moet word kan lei tot 'n gebrek aan selfvertroue en onafhanklikheid.

Die aanvaardende houding is egter gebaseer op begrip en respek vir die leerling. Dit lei tot 'n aangename verhouding tussen hom en die gesagsfiguur.

Die normale individu strewende daarna om sy werklike self in ooreenstemming te bring met sy ideale self om sodoende 'n positiewe selfkonsep te ontwikkel. Volgens Burns (1985:156-157) kan die onderwyser die leerling hierin help deur hom met menswaardigheid te bejeën. Wanneer die onderwyser na die leerling se standpunt luister en daarvoor erkenning gee het dit tot gevolg dat die leerling 'n gevoel van aanvaarding en belangstelling ervaar.

Kommunikasie met leerlinge is belangrik. Die onderwyser moet na persoonlike kontak met elke leerling streef. Oprektheid van die kant van die onderwyser is eweneens belangrik. Leerlinge kom gou agter indien die onderwyser nie opreg is nie. Empatie moet betoon word sodat die leerling kan ervaar dat die onderwyser wel vanuit sy standpunt na sake kan kyk.

Leerlinge moet aangemoedig word om hulself realisties te evalueer. 'n Kenmerk van 'n individu met 'n lae selfkonsep is dat hy onrealistiese hoë eise aan homself stel. Die gevolg is dat meeste van sy pogings op mislukking uitloop. Die leerling moet geleer word om ander te prys en lof toe te swaai wanneer dit toepaslik is. Sodoende word ander se positiewe kommentaar uitgelok wat dan bydra tot die versterking van die eie selfkonsep (Burns, 1985:157; Thomas, 1980:41; Marsh, 1984:170).

## 2.5.2 PSIGOLOGIESE BEHOEFTE

Volgens Gouws et al., (1979:31) en Behr (1983:5) is 'n behoefte 'n toestand van gebrek of tekort aan iets wat vir die welsyn, goeie funksionering of geluk van die individu bevorderlik sou wees. Die bestaan van 'n behoefte gee tot doelgerigte gedrag aanleiding wat op die vermindering van die tekort of gebrek gerig is. Behoeftes wat tot positiewe motivering ten opsigte van skoolwerk en tot gesonde persoonlikheidsontwikkeling lei is die affektiewe behoeftes, 'n veilige relasie met gesagsfigure, die goedkeuring van ouers, onderwysers en die portuurgroep, bevoegdheid en selfrespek.

Wlodkowski (1978:59) verwys na behoeftes as die energie agter die individu se gedrag. 'n Behoefte is volgens hom 'n toestand wat deur 'n individu ervaar word as 'n krag wat hom in die rigting van 'n doelwit laat beweeg.

Enige voorligtingsprogram wat ontwerp word met die doel om leerlinge te help met hulle emosionele ontwikkeling moet met die kind se behoeftes rekening hou. Die bevrediging van die psigologiese behoeftes van die adolessent in die regte mate is 'n voorwaarde vir sy gesonde emosionele ontwikkeling. Die nie-bevrediging daarvan lei tot emosionele versteurings soos vyandigheid, aggressie, frustrasie, wanaanpassing en toestande van depressie (Meyer, 1981:53; Coetzee, 1983:342; Siann & Ugwuegbu, 1984:135).

Good & Brophy (1977:377) en Klausmeyer (1975:227-229) meen die mens het sekere behoeftes wat volgens 'n bepaalde hiërargiese orde ontwikkel. Hierdie vlakke van behoeftes is die fisiologiese, sekuriteits-, affektiewe, agtings- en selfaktualiseringsbehoefte. 'n Behoeftes op 'n laer vlak moet eers in die regte mate bevredig word voordat 'n leerling sal strewe na die bevrediging van 'n behoefte op die volgende vlak. (Maslow, 1954:80-92).

Selfaktualisering is die hoogste behoefte van die mens en ook die hoogste doel van onderwys en opvoeding. Dit is die innerlike strewe van die individu om sy potensiaal optimaal te ontwikkel en in werklikheid te word wat hy potensieel is (Pelser, 1984:17).

Individue by wie die behoefte aan selfaktualisering relatief bevredig is, is die mees geestesgesonde persone in die gemeenskap. 'n Positiewe selfkonsep is egter 'n voorvereiste vir selfaktualisering. Die leerling moet dus eers gehelp word om 'n positiewe selfkonsep te ontwikkel voordat hy in staat is om aandag aan sy selfaktualiseringsbehoefte te gee en sy ideale self te verwesenlik (Vrey & Jacobs, 1982:100; Bester, 1985:36).

Die onderwyser se empatiese begrip, respek, opregtheid en warmte is bevorderlik vir die leerling se selfaktualisering. Afwesigheid van hierdie eienskappe aan die kant van die onderwyser gee tot leerprobleme, gedragsprobleme en emosionele versteuring aanleiding (Kaczkowski & Patterson, 1975:38).

Maslow beskou alle voorafgaande behoeftes as "leë gate" wat terwille van die individu se geestesgesondheid eers opgevul moet word. Ander persone vervul hierdie belangrike funksie (Coetzee, 1983:343; Lahey & Johnson, 1978:141).

Die blokkering van affektiewe behoeftes lei tot wanaanpassing en psigologiese ongesteldhede. So 'n leerling bevind homself in 'n gespanne en ongebalanseerde toestand. Aanpassings moet dan gemaak word om die gespanne toestand te verlig en die situasie meer draaglik te maak. Daar is talle verdedigingsmeganismes wat deur leerlinge gebruik word om die spanning wat deur onbevredigde behoeftes veroorsaak word, te verlig, die selfbeeld te beskerm en doelwitte te bereik (Meyers, 1985:250-252; Reilley & Lewis, 1983:207; Clifford, 1981:352).

### 2.5.3 PSIGOLOGIESE VERDEDIGINGSMEGANISMES

Psigologiese verdedigingsmeganismes is onbewuste gedragspatrone wat 'n persoon gebruik om homself teen gevoelens van angs, verleentheid, minderwaardigheid en skuldgevoelens te beskerm en wat verhoed dat hierdie gevoelens tot die bewuste deurdring (Gouws et al., 1979:318).

Volgens Pretorius (1985:64) moet die adolessent vry wees van vrees, angs, spanning, sorg en bekommernisse. Dit is almal faktore wat 'n nadelige uitwerking het op sy gesonde persoonlikheidsontwikkeling en sy skoolwerk. Verdedigingsmeganismes is egter almal waardevolle maniere om angs en spanning te verlig, om selfbehoud en selfgating te handhaaf, behoeftes te bevredig en konflikte op te los. Dit is 'n wyse waarop die individu homself teen mislukking, teleurstelling en verwerping beskerm.

Dit is 'n algemene verskynsel om van hierdie verdedigingsmeganismes gebruik te maak om die selfgating te handhaaf. Dit kan egter 'n destruktiewe uitwerking hê indien dit oormatig gebruik word om verantwoordelikhede te ontduik of om verskonings vir ongewenste gedrag aan te voer. In oordrewe vorm is dit eintlik wanaangepaste gedrag wat die individu kan verblind vir die objektiewe werklikheid en sy aanpassing by die omgewing kan bemoeilik. Dit kan wel soms 'n probleem op 'n sekere terrein oplos maar veroorsaak dan weer 'n groter probleem op 'n ander terrein. Die konsekwente gebruik van verdedigingsmeganismes is dikwels kenmerkend van die adolessent wat emosionele probleme ervaar (Siann & Ugwuegbu, 1984:139-142).

Onderwysers moet dit in gedagte hou dat verdedigingsmeganismes soms passiewe (dagdromery) en soms aktiewe (rasionalisasie) pogings tot aanpassing is. Sommige word maklik misgekyk terwyl ander aan die aandag opgedring word. Baie van hierdie tipe kompenserende gedrag hoef nie in 'n

ernstige lig beskou te word nie, tensy dit in 'n ernstige graad beoefen word soos byvoorbeeld dagdromery wat lei tot verlore kontak met die werklikheid of leuens wat so dikwels vertel word dat dit vir die persoon later moeilik word om die waarheid te praat. Alle mense maak op een of ander tyd van verdedigingsmeganismes gebruik. Leerlinge behoort vertrou te wees met die meer algemene verdedigingsmeganismes soos projeksie, onttrekking, fantasie, ontkenning, kompensasië, repressie en reaksie formasie. Dit sal hulle in staat stel om hulle eie gedrag beter te verstaan (Bester, 1985:31).

#### 2.5.4 DIE IMPLIKASIES VAN EMOSIONELE ONTWIKKELING VIR PERSOONLIKHEIDSVORLEIGTING

Die fisiologiese en psigologiese veranderinge wat gedurende adolessensie plaasvind word deur sommige adolessente as traumaties en selfs skrikwekkend ervaar. Ouers en onderwysers se verwagtinge is dikwels veeleisend. Deur begrip en optrede wat bevorderlik is vir die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling kan ouers en onderwysers ongetwyfeld tot die beperking van ernstige emosionele probleme bydra. Hulle kan gehelp word om die druk wat as gevolg van skoolse eise, finansiële struikelblokke, probleme met beroepskeuse en die vind van 'n werk op hulle geplaas word, te hanteer (Siann & Ugwuegbu, 1984:143-144; Lindsay, 1983:104),

Emosionele en gedragsprobleme is dikwels slegs die simptome van dieperliggende probleme wat die leerling ondervind. Vroegtydige uitkenning deur die onderwyser skep 'n gunstige moontlikheid vir suksesvolle hulpverlening. Die blote behandeling van die simptome deur die toepassing van straf of ander ontoereikende maatreëls sal net die probleme vererger en geen oplossing bied nie (Joubert, 1979:12; Coetzee, 1983:340).

Dit is die skoolpersoneel se uitdaging om hulself beter op hoogte te stel en beter ingelig te wees sodat hulle 'n groter poging kan aanwend om die opvoedkundige klimaat vir die leerlinge te verbeter. 'n Fout wat soms gemaak word wanneer Maslow se behoefte hiërargie op die onderwys toegepas word, is om primêr op die vlak van selfaktualisering te konsentreer. Alhoewel dit 'n prysenswaardige doelwit is moet onderwysers egter ook in gedagte hou dat dit 'n vlak is wat eers in volwassenheid bereik word en selfs dan bereik slegs 'n klein persentasie volwassenes dit enigsins op 'n hoë vlak (Tyrrell, 1976: 300-301; Reilly & Lewis, 1983:210).

Hamacheck (1979:58) meen dat selfaktualisering nie 'n bestemming is wat 'n mens bereik en dan daar ophou nie. Dit is veel eerder 'n doelwit waarheen konstant gestreef en beweeg word. In die wydste sin van die woord is dit 'n lewenstyl. Dit is onderwysers se taak om leerlinge aan te moedig om hulle potensiaal te aktualiseer want dan beweeg hulle terselfdertyd in die rigting van selfaktualisering. Indien die onderwyser daarin slaag om die leerling te help om behoeftes op 'n laer vlak te bevredig en opwaarts te beweeg op die hiërargie dan is hy besig om 'n bydrae te lewer tot die leerling se uiteindelijke selfaktualisering.

'n Gesonde en gebalanseerde persoonlikheid is nie 'n geskenk wat gereserveer is vir slegs 'n paar uitgesoekte individue nie. Dit is 'n moontlikheid wat beskikbaar is vir elke leerling wat deur die verskillende standers van die skool beweeg. 'n Gesonde en positiewe skoolervaring is beide die produk en die produsent van 'n gebalanseerde, bevoegde en geestesgesonde leerling. Skoolervaringe kan baie bydrae tot die leerling se gevoel van eiewaarde. Dit kan gedoen word deur geleenthede te skep vir interaksie in die klas-kamer, geleenthede om uiting te gee aan emosies, 'n atmosfeer van aanvaarding, duidelik gevestigde reëls en ruim geleentheid om sukses te ervaar (Hamacheck, 1979:63; Ackermann & Cilliers, 1987:279).

Die adolessent is afhanklik van betekenisvolle ander persone in sy lewe soos ouers en onderwysers asook sy portuurgroep se emosionele ondersteuning om hom in staat te stel om die interpersoonlike vaardighede te ontwikkel wat vereis word om sy behoeftes te bevredig. Hierdie, vir hom belangrike persone in sy lewe, toon egter dikwels geen begrip vir sy unieke behoeftes nie en gevolglik veroorsaak dit vir hom probleme (Ohlsen, 1974:29; Giffin, 1972:87; Frostig, 1972:261).

Indien die onderwyser 'n positiewe bydrae tot die leerling se gesonde persoonlikheidsontwikkeling wil lewer sal hy volgens Ackermann & Cilliers (1987:279); Bills (1981:8) en Pretorius (1985:65) aan die volgende eise moet voldoen:-

- Hy moet in die eerste plek self in sodanige toestand van geestesgesondheid verkeer dat hy nie probleme by leerlinge skep nie. Hy moet oor 'n positiewe en realistiese selfkonsep beskik. Selfaanvaarding is 'n voorvereiste vir die aanvaarding van ander.
- Hy moet die adolessent se gedrag verstaan en begrip daarvoor hê sodat hy nie ongewenste neigings versterk nie.

- Hy moet in staat wees om vroeë tekens van emosionele versteurings te identifiseer en dan hulp te verleen of die leerling te verwys indien nodig.
- Positiewe dissipline moet in die klas toegepas word en 'n demokratiese klasatmosfeer moet gehandhaaf word waar leerlinge soms die geleentheid kry om medeverantwoordelikheid vir besluitneming te aanvaar.

Op die oog af ervaar leerlinge weinig probleme. Hulle ruim geleenthede tot selfontploffing en beroepsvoorbereiding, hulle spontaneiteit en selfvertroue kan maklik die indruk van 'n kommerwrye bestaan skep. Die emosionele pyn wat egter deur baie ervaar word, mag wissel van verhoudingsprobleme tot depressietoestande, aktiewe spanningsbewevinge wat studiedoeltreffendheid benadeel tot godsdienstige probleme en selfs gevoelens van sinloosheid ten opsigte van die toekoms. Daarom het leerlinge die behoefte om gehelp en ondersteun te word ten einde probleme te oorkom en emosionele volwassenheid te bereik. Die leerling moet gehelp word om insig te ontwikkel in sy eie emosionele gedragsspatrone, om persoonlike terugslae te hanteer en om sy emosies te kanaliseer in kanale wat lei tot bereiking van doelwitte wat sosiaal wenslik, aanvaarbaar en vir homself bevredigend is. Hy moet deur middel van die voorligtingsprogram onder die indruk gebring word van die belangrikheid van persoonlikheidselenskappe soos selfdissipline, eerbied, bedagsaamheid, betroubaarheid, eerlikheid en opregtheid (Du Plessis, 1984:15; Tyrrell, 1976:303).

Die skool se bydrae tot die gesonde emosionele ontwikkeling van die leerling is nie sy primêre taak nie, nogtans is dit 'n kernfaset van sy opvoedingsdoel. Voorligting, hoe effektief ookal, sal egter nooit alle probleme kan ophef en uitskakel nie. Nogtans moet dit beskikbaar wees om die kwaliteit van beroepskundige, opvoedkundige en persoonlik-sosiale ervarings wat die skool aan die adolessent bied te verbeter (Ackermann & Cilliers, 1987:279; Tyrrell, 1976:303).

## 2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwikkelingsmoontlikhede van die sekondêre skoolleerling oorsigtelik nagegaan. Die fisiese, sosiale, kognitiewe en emosionele ontwikkeling van die adolessent het aan die orde gekom. Daar is aangetoon hoedat hierdie komponente met die adolessent se gesonde persoonlikheidsontwikkeling verband hou. Hoewel die ontwikkelingsmoontlikhede in hierdie hoofstuk as onderskeibare komponente behandel is, is daar tog 'n voortdurende

wisselwerking en wedersydse beïnvloeding van die komponente binne elke individu en beleef elke mens dit op 'n unieke wyse.

In hoofstuk 3 sal die taak van die skool, huis en portuurgroep ten opsigte van die leerling se gesonde persoonlikheidsontwikkeling nagegaan word.